10 November 2024

Kinderkerk: **Ken jy vir Jesus**?

Die hele jaar vra ons die vraag? **Ken jy vir Jesus**. Met elke byeenkoms het ons oor ‘n belangrike kenmerk van Jeus gepraat. Kan jy al vir iemand wat jou sou vra… **Ken jy vir Jesus**... verduidelik wie Jesus in jou lewe is? En as Jesus self vir jou vra: **Wie is EK**?

Matt 16:15: “Maar julle” het Hy gevra, “**wie, sê julle is Ek**?

Kleuterkerk: Help! Ek is bang!

7 April 2024 was **Storm Sondag**. Dit is pikdonker. Die wind ruk en pluk aan ons huis se dakplate wat verskriklike skraapgeluide maak. Die wind huil steeds om die huis, maar die skraapgeluide van dakplate is skielik stil en ek weet sommer: Die dakplate het losgeruk en afgewaai. My maag draai van die spanning oor die dak en ek wil net skree, **Help! Ek is bang**!.”

Daar is dinge wat mens bang maak, regte dinge en dinge in ons eie verbeelding. Ons gaan oor bangwees praat en hoe Jesus se dissipels ook op ‘n keer uitgeroep het. “Help! Ons is bang.”